# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**7 JUNIE2026 | PSALM 33:1-12**

## Lof aan die Skeppergod

**1. Beweging 1:**
a.Verwelkom elkeen in die groep en vind uit watter gebeure vandag in die groep gevier moet word.
b.Word ’n oomblik stil om bewus te word van God, mekaar en ons omgewing. Laat ons asemhaling ons herinner aan die Gees van God wat in ons woon... Laat ons bewus wees van elkeen se teenwoordigheid en die gawes wat die Here aan die groep gegee het. Laat ons voete op die grond ons herinner aan ons kontinent, ons land, ons dorp, ons buurt... Wat druk God vanaand op jou hart?
c.Open met gebed

**2. Beweging 2:**
Lees Psalm 33:1-12 twee keer rustig hardop en gee ’n oomblik van stilte sodat die woorde in ons harte kan insink. Gee geleentheid dat groeplede kan deel wat hulle harte geraak het.

**3. Beweging 3: Die Here is ons rots**
Psalm 33 herinner ons dat God se planne standhou, ongeag menslike besluite. Dit is ’n troos en ’n roeping; ons vertrou nie op wêreldse magte nie, maar op die Here. Dit is dieselfde geloof wat Abraham gehad het toe God hom geroep het om na ’n onbekende land te trek. Hy het God se belofte geglo, al was dit nie altyd sigbaar nie (Rom 4:20-21). Ons word ook geroep om te leef in vertroue op God se trou, eerder as ons eie planne of krag. In Koninkrykstyd eer ons God as ons Koning en vertrou op Hom. Gesels oor die oorgang van Pinkster na Koninkrykstyd – ’n tyd waarin ons herinner word dat die Gees van God ons toerus om God se werk op aarde te doen. Het ons ’n bewustheid van ons gestuurdheid (wat ook een van die 3 waardes van Sonstraal is: Genade, Gasvry, Gestuur).

**4. Beweging 4: Geloofsvertroue in onseker tye**
Die psalm leer ons dat God se Woord betroubaar is en sy werke vol liefde. Tog is dit soms moeilik om hierdie waarheid te glo as ons onseker voel oor die toekoms. Romeine 4 wys vir ons deur Abraham dat geloof nie net ’n gevoel is nie, maar ’n keuse om te vertrou, selfs al sien ons nie dadelik resultate nie. So ook herinner Matteus 9 ons dat wanneer ons Christus volg, Hy ons soms na onverwagse plekke gaan lei wat ons geloof gaan toets. Dink vir ’n oomblik na oor jou eie geloof: Hoe bly ’n mens hoop op die Here ondanks onsekerheid?

**5. Beweging 5: God is groter as ons planne**
Ons lees in Psalm 33 dat God se raad vir ewig bly staan, terwyl menslike planne vergaan. Dit is ’n paradoks: Ons word aangemoedig om met geloof te leef, maar ons weet nie altyd hoe God se planne gaan uitwerk nie. Abraham het geglo, al was hy en Sara oud en sonder kinders. God se belofte was groter as hulle omstandighede. Ons uitdaging is om hierdie spanning te aanvaar as deel van ons geloofsreis. Ons aanbid ’n almagtige Heer en word geroep om te vertrou al kan ons nie nou die volle prentjie sien nie. Hoe ervaar ons hierdie spanning?

**6. Beweging 6: Vind vreugde in God**
Psalm 33 begin met ’n oproep tot lof. Ware geloof bring vreugde! Hierdie vreugde kom uit ’n diep wete dat God getrou is, selfs al verstaan ons nie sy weë nie. Abraham het met hoop voortgegaan en Jesus se dissipels het sonder aarseling gevolg. Matteus 9 wys vir ons ’n geloof wat beweeg; mense kom na Jesus toe, vertrouend dat Hy ’n verskil kan maak. Hoe kan jy hierdie Koninkrykstyd jou geloof met ’n oop hart uitleef? Waar sien jy tans hoe God jou lei en nooi om Hom met blydskap te vertrou?

**7. Beweging 7: Gebed en Kuier**
Sluit met gebed af en kuier heerlik saam rondom ’n koppie tee.